Oordenking
23 Februarie 2009

Niks is meer belangrik as om Jesus te ken nie

Absoluut niks kan meer belangrik wees, as om Jesus te ken, na Hom te luister en my lewe aan sy wil te onderwerp nie.
Daar is werklik net een ding in die lewe wat regtig belangrik is, en dit is dat ek weet dat ek in ‘n persoonlike liefdesverhouding met Jesus, ons Here en Verlosser, lewe.

Absoluut niks anders kan hiermee vergelyk word nie. ‘n Voorspoedige loopbaan of besigheid, ‘n nuwe motor, ‘n perfekte huis en huishouding, gelukkige gaste na ‘n briljante onthaal, 'n wonderlike vakansie, gesonde oefening, om ‘n krieketreeks te wen, ‘n wonderlike kêrel of beeldskone vriendin, die hoogste punte in my klas – en selfs ‘n vervullende roeping in kerkwerk – nie een van hierdie dinge is eers vergelykbaar met Christus nie. Niks anders kan ooit so belangrik wees soos Christus self nie.

Onthou wat Jesus gesê het: "*Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?* " (Mt 16: 26). Net Jesus alleen is die volmaak sondelose, beide menslik en Goddelike, Middelaar tussen my en die Here. Net Jesus kan red!

Daarom, wees geseënd, as jy genoeg tyd spandeer om Jesus beter te leerken en om na sy stem te luister. As ons dit doen het ons gekies wat beter is. Dan het ons die beste gekies.

By ons CPK AsWoensdag Diens, om 19:00 op Woensdag 25 Februarie 2009, luister ons onder andere na ‘n lied wat sê:
Jesus, al is ons ontrou –
U bly altyddeur getrou!
Wanneer ons ons skuld bely,
maak U ons in waarheid vry.
Nooit pleit ’n gebroke gees
om versoening, tevergeefs.